

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.



UITGAWE OP GESAG.

PUBLISHED BY AUTHORITY

10c Dinsdag, 30 Desember 1964.

WINDHOEK

Tuesday, 30th December, 1964.

No. 2596

INHOUD

GOEWERMENSKENNISGEWING:—

No. 225 Akteskantoor, Regulasies

CONTENTS

Bladsy/Page

GOVERNMENT NOTICE—

Deeds Registry Regulations

Goewermentskennisgewing.

Government Notice.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

C. F. MARAIS,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

The following Government Notice is published for general information.

C. F. MARAIS,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 225.] [30 Desember 1964

No. 225.] [30th December, 1964

Dit behaag die Administrateur om ingevolge artikel *ten* van die Registrasie van Aktes Proklamasie 1939 die regulasies te maak wat hieronder uiteengesit word. Hierdie regulasies tree in werking met ingang van die eerste dag van Januarie 1965.

REGULASIES.

1. Die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 151 van 29 Augustus 1939 soos gewysig by Goewermentskennisgewings 36 van 1 Februarie 1947, 344 van 15 Augustus 1951, 26 van 15 Januarie 1952, 222 van 15 September 1954, 235 van 3 September 1957, 42 van 20 Maart 1962 word hierby herroep.

WOORDBEPALING.

2. In hierdie regulasies beteken die uitdrukking „die proklamasie” die Registrasie van Aktes Proklamasie 1939 en enige wysiging daarvan.

3. By die toepassing van hierdie regulasies beteken die uitdrukking „behoorlik voor getuie geteken” geattesteer soos bepaal in artikel *vyf-en-negentig* van die proklamasie.

4. Die uitdrukking „administratiewe distrik” beteken ’n distrik wat as sodanig erken word in die Registrasiekantoor, en enige distrik ingestel ingevolge die bepaling van Proklamasie 40 van 1920.

ASSISTENT-REGISTRATEUR.

5. Die Assistent-registrateur (as daar is) is bevoeg en gemagtig om enige handeling of saak te verrig wat wettig deur die Registrateur gedoen kan word —

(1) wanneer die Registrateur dit van hom verlang, of die Registrateur teenwoordig is of nie, en sodanige Assistent-registrateur kan in enige saak wat die Registrateur vir afhandeling aan hom toewys, handel terwyl die Registrateur met ander sake besig is: Met dien verstande dat as daar beswaar gemaak word teen enige beslissing van die Assistent-registrateur wanneer hy kragtens hierdie subregulasie handel, daar in hoër beroep gegaan kan word by die Registrateur wat bevoeg is om, as

The Administrator has been pleased, in terms of section *ten* of the Deeds Registry Proclamation, 1939, to make the regulations hereunder set forth. These regulations take effect as from the first day of January, 1965.

REGULATIONS.

1. The regulations published in Government Notice 151 of the 29th August 1939 as amended by Government Notices 36 of the 1st February, 1947, 344 of the 15th August, 1951, 26 of the 15th January, 1952, 222 of the 15th September, 1954, 235 of the 3rd September, 1957, 42 of the 20th March, 1962 are hereby repealed.

DEFINITIONS.

2. In these regulations the expression “the Proclamation” shall mean the Deed Registry Proclamation, 1939 and any amendment thereof.

3. The expression “duly witnessed” shall for the purpose of these regulations mean attested as provided in section *ninety-five* of the Proclamation.

4. The expression “administrative district” shall mean a district recognised as such in the Deeds Registry or any district established under the provisions of Proclamation 40 of 1920.

ASSISTANT REGISTRAR.

5. The Assistant Registrar (if any) shall have power and authority to do any act or thing which may lawfully be done by the Registrar —

(1) when so required to act by the Registrar, whether the latter be present or not, and such Assistant Registrar may act in any matters assigned to him for disposal by the Registrar while the latter shall be acting in other matters: Provided that if objection is taken to any decision of the Assistant Registrar, when acting by virtue of this sub-regulation, there shall be an appeal to the Registrar, who

hy dit dienstig ag, so 'n beslissing te wysig of nietig te verklaar;

(2) gedurende die afwesigheid van die Registrateur vir hoogstens ses weke met verlof, vir dienssake of weens siekte of ander onvermydelike oorsaak.

REGISTRASIEAFDELINGS EN NOMMERING VAN EENHEDE.

6. Die gebiede wat in die eerste bylae van die Proklamasie ter Heromskrywing van Magistraatsdistrikte 1950 (Proklamasie 15 van 1950) as landdrosdistrikte omskryf word, vorm registrasieafdelings elkeen waarvan sy onderskeidende letter dra wat die Landmeter-generaal aan hom toewys: Met dien verstande dat die Hawe en Nedersetting Walvisbaai soos teenswoordig omskryf 'n registrasieafdeling vorm afsonderlik van die resterende deel van die landdrosdistrik Swakopmund: Met dien verstande voorts dat as die grens van so 'n registrasieafdeling onopgemete staatsgrond kruis die naaste kadastrale grens soos deur die Landmeter-generaal bepaal by die onderverdeling van sodanige staatsgrond die grens van sodanige registrasieafdeling oor sodanige staatsgrond is.

7. Wanneer ook al 'n skikking ingevolge die tweede voorbehoudsbepaling van regulasie 6 daartoe lei dat 'n plaaseenheid in meer as een landdrosdistrik val, doen die Landmeter-generaal die nodige stappe ter heromskrywing van die betrokke landdrosdistrikte sodat sodanige plaaseenheid geheel en al in een landdrosdistrik val.

8. Met die doel om erwe, nedersettingshoeves of -persele (hierna heet hulle toekenningsseenhede) te identifiseer, is dit die plig van die Registrateur om, in oorleg met die Landmeter-generaal —

- (i) indien nodig, die grense van 'n gebied (hierna heet dit 'n toekenningsgebied) waarbinne die registrasie van toekenningsseenhede tot 'n enkele register of 'n stel registers beperk word, te bepaal;
- (ii) waar nodig geag 'n onderskeidende nommer aan elke toekenningsseenheid binne 'n toekenningsgebied geleë, te gee:

met dien verstande dat die plaaslike bestuur geraadpleeg kan word voordat die grense van 'n toekenningsgebied bepaal word.

9. (1) Die gedeeltes waarin plase of toekenningsseenhede verdeel mag word, moet agtereenvolgens genummer word óf regstreeks van die oorspronklike gedeelte óf onregstreeks deur 'n intermediêre gedeelte: Met dien verstande dat —

- (i) gedeeltes wat reeds genummer of geletter is, en waarvoor titels reeds geregistreer is, nie heromnommer hoef te word nie, maar gedeeltes wat hierna vir titelregistrasiedoeleindes opgemeet word, daarna 'n numerieke orde moet wees en die kaarte daarvan die oorspronklike gedeelte moet aantoon;
- (ii) met die onderverdeling van 'n stuk grond in 'n toekenningsgebied dit toelaatbaar is om 'n nuwe eenheidsnommer aan so 'n onderverdeling te gee.

(2) Waar twee of meer gedeeltes van 'n plaaseenheid of van 'n toekenningsseenheid tot een verenig word, moet die stuk grond wat aldus ontstaan, die volgende nommer kry asof dit 'n nuwe gedeelte is.

(3) Waar twee of meer plaaseenhede of twee of meer toekenningsseenhede tot een verenig word, moet die stuk grond wat aldus ontstaan 'n nuwe nommer kry.

(4) Waar 'n gedeelte van 'n plaaseenheid en 'n hele sodanige eenheid of 'n gedeelte van 'n toekenningsseenheid en 'n hele sodanige eenheid tot een verenig word, moet die stuk grond wat aldus ontstaan 'n nuwe nommer kry.

(5) Waar twee of meer gedeeltes van verskillende toekenningsseenhede of van verskillende plase tot een verenig word, moet die stuk grond wat aldus ontstaan die volgende geskikte beskikbare nommer kry van die toekenningsgebied of registrasieafdeling en waar so 'n nommer nie beskikbaar is nie, moet 'n nuwe nommer in so 'n toekenningsgebied of registrasieafdeling daaraan gegee word:

Met dien verstande dat as dit nodig blyk om van die reëls in subregulasies (2) tot (5) hierna voorgeskryf, af te wyk die Registrateur na oorleg met die Landmeter-generaal sodanige afwyking kan magtig.

shall have power, if he sees fit, to vary or set aside such decision;

- (2) during the absence of the Registrar for any period not exceeding six weeks on leave, duty or from illness or other unavoidable cause.

REGISTRATION DIVISIONS AND NUMBERING OF UNITS.

6. The areas defined as magisterial districts in the First Schedule to the Redefinition of Magisterial Districts Proclamation 1950 (No. 15 of 1950) shall constitute registration divisions, each bearing a distinctive letter to be assigned by the Surveyor-General: Provided that the Port and Settlement of Walvis Bay as presently defined, shall constitute a Registration Division separate from the remaining portion of the Swakopmund magisterial district: Provided further that if the boundary of any such registration division crosses unsurveyed State Land, the boundary of such registration division over such State, and shall upon subdivision of such State Land, be the nearest cadastral boundary as determined by the Surveyor-General.

7. Whenever an adjustment in terms of the second proviso to regulation 6 results in a farm unit falling in more than one magisterial district the Surveyor-General shall take the necessary steps to have the boundaries of the magisterial district affected redefined in such a manner that such farm unit falls wholly within one magisterial district.

8. For the purpose of identifying erven, settlement holdings or lots (hereinafter called allotment units), it shall be the duty of the Registrar, in consultation with the Surveyor-General, to —

- (i) determine, if necessary, the limits of an area (hereinafter referred to as an allotment area) in which the registration of allotment units shall be confined to a single register or set of registers;
- (ii) assign, where deemed necessary, a distinctive number to each allotment unit situate within an allotment area:

Provided that the local authority may be consulted before the limits of an allotment area are determined.

9. (1) The portions into which farms or allotment units may be divided shall be numbered consecutively, whether directly from the parent piece or indirectly through an intermediate portion: Provided that —

- (i) portions already numbered or lettered, and for which title deeds have been registered, need not be renumbered, but portions hereafter surveyed for the purpose of registration of title, shall follow in numerical progression thereafter, and the diagrams thereof shall disclose the parent portion;
- (ii) upon subdivision of any piece of land in an allotment area, it shall be permissible to assign a new unit number to such subdivision.

(2) Where two or more portions of a farm unit or of an allotment unit are consolidated into one the resulting piece of land shall receive the next consecutive number as if it were a new portion.

(3) Where two or more farm units or two or more allotment units are consolidated into one the resulting piece of land shall receive a new number.

(4) Where a portion of a farm unit and a whole such unit or a portion of an allotment unit and a whole such unit are consolidated into one the resulting piece of land shall receive a new number.

(5) Where two or more portions of different allotment units or of different farms are consolidated into one the resulting piece of land shall receive the next suitable available number of the allotment area or registration division and where no such number is available, shall receive a new number in such allotment area or registration division:

Provided that, should it be found necessary to depart from the rules prescribed in sub-regulations (2) to (5) hereof, the Registrar may, after consultation with the Surveyor-General, authorise such departure.

10. Nadat die nommering van toekenningsseenhede binne 'n toekenningsgebied soos in regulasie 8 voorgeskryf, voltooi is, moet die Registrateur die nodige stappe doen —

- (i) om 'n register of 'n stel registers vir sodanige toekenningsgebied saam te stel;
- (ii) om die toekenningsseenhede te identifiseer met grond kragtens enige titelbewyse gehou;
- (iii) om op sodanig titelbewyse te endosseer dat die grond bestaan uit of ooreenkom met die onderskeie eenheid of eenhede en dat dit tans in die betrokke register onder sy registrasienommer geregistreer is.

REGISTERS EN BLADWYSER.

11. So spoedig moontlik na die inwerkingtreding van hierdie regulasies moet die Registrateur behoudens die aanwysings hierna uiteengesit, die volgende registers aanlê en hou:—

A. Grondregisters wat uit die volgende bestaan:—

(1) 'n Plaasregister vir elkeen van sodanige registrasieafdelings soos bepaal en ingestel is deur die Administrateur ingevolge artikel *tien* van die proklamasie.

(a) So 'n register moet van die grootboektype wees, gebind in losbladbinders of omslae gemaak van duursame materiaal ten genoë van die Administrateur, naastenby van foliopapiergrootte wat ongeveer driehonderd blaie duursame papier bevat. Die grootte kan egter op aanbeveling van die Registrateur met die skriftelike goedkeuring van die Administrateur van tyd tot tyd verander word.

(b) Die bogenoemde register moet sover doenlik 'n aparte blad bevat vir elke plaas of stuk grond, wat hierna 'n plaaseenheid heet.

(c) Die blaie moet reeksgewys genummer word om ooreen te kom met die nommers toegeken aan die plaaseenhede wat op die kaart van die onderskeie registrasieafdelings aangedui word en elke blad aldus genummer moet die besonderhede bevat wat in verband staan met die plaaseenheid wat dieselfde nommer het.

Daarna moet op so 'n blad, en die bykomende blaie wat hierna genoem word, in chronologiese volgorde, alle transaksies wat die betrokke plaaseenheid raak, aangeteken word. Wanneer 'n plaaseenheid van 'n ou register na die nuwe register van registrasieafdelings oorgeskryf word, moet die bogenoemde opdragte nagekom word en alle transaksies met betrekking tot so 'n eenheid moet oorgeskryf word.

(d) Die blaie moet in numerieke volgorde gebind word. As 'n blad vol word met die aantekening van transaksies wat betref enige plaaseenheid kan 'n bykomende blad of blaie onmiddellik daarna ingevoeg word, na omstandighede vereis. Sodanige bykomende blaie moet dieselfde nommer dra as die oorspronklike blad met bykomende ondergeskikte reeksnommer om hulle te onderskei. Op die oorspronklike blad moet die bestaan en nommers van sodanige bykomende blaie aangetoon word.

(2) 'n Erfregister vir elke dorp, nedersetting, lokasie of ander onderverdeelde gebied van dergelike aard (hierna heet dit 'n toekenningsgebied) binne die voorgeskrewe perke van sy registrasiekantoor.

Die bepalinge van subregulasie (1) hiervan is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van elke eenheid van 'n toekenningsgebied.

B. 'n Persoonlike register.

(1) In die gemelde register moet 'n blad aan elke persoon toegewys word (in die geval van 'n vennootskap of firma moet die volle name van die vennote sowel as dié van die vennootskap of firma op so 'n blad uiteengesit word) in verband met wie registrasie moet plaasvind insake —

- (a) enige verbandakte of notariële verband gegee deur sodanige persoon of laste genoteer teen die eiendom van sodanige persoon, en enige daaropvolgende handelinge daarmee;
- (b) enige huweliksvoorwaardeskontrak aangegaan deur sodanige persoon en geskik vir registrasie;
- (c) enige notariële akte van skenking aangegaan deur sodanige persoon en geskik vir registrasie; en

10. After the numbering of allotment units has been completed within an allotment area as prescribed in regulation 8, the Registrar shall take whatever steps may be necessary —

- (i) to compile a register or a set of registers for such allotment area;
- (ii) to identify the allotment units with land held under any title deeds;
- (iii) to endorse such title deeds that the land comprises or corresponds with the respective unit or units and is now registered in the relative register under its registration number.

REGISTERS AND INDEX.

11. As soon as may be after the coming into force of these regulations the Registrar shall, subject to the directions hereafter set forth, open and keep the following registers:—

A. Land registers comprising:—

(1) A Farm Register for each of such registration divisions as have been fixed and brought into operation by the Administrator under section *ten* of the Proclamation.

(a) Such register shall be of the ledger type, bound in loose-leaf binders or covers, composed of durable material to the satisfaction of the Administrator, approximately foolscap size, containing approximately 300 leaves of durable paper. The size may, however, upon recommendation by the Registrar be varied from time to time on the written approval of the Administrator.

(b) The foregoing register shall contain, as far as practicable, a separate leaf for each farm or piece of land, hereinafter called a farm unit.

(c) The leaves shall be numbered serially to correspond with the numbers assigned to the farm units shown on the map of the respective registration division and each leaf so numbered shall contain the particulars relating to the farm unit bearing the same number.

Thereafter shall be recorded on such leaf, and the additional leaves hereinafter referred to, in chronological order, all transactions affecting the farm unit concerned. When transcribing a farm unit from an old register to the new registration division register the aforementioned instructions shall be observed and all transactions in respect of such unit shall be transcribed.

(d) The leaves shall be bound in numerical order. In the event of a leaf becoming filled with the record of transactions relative to any farm unit an additional leaf or leaves may be inserted immediately thereafter as circumstances require. Such additional leaves shall bear the same number as the original leaf, with additional subordinate serial numbers to distinguish them. Upon the original leaf shall be disclosed the fact and numbers of such additional leaves.

(2) An Erf Register for such township, settlement, location or other subdivided area of a like nature (hereafter called an allotment area) within the prescribed limits of his registry. The provisions of sub-regulation (1) hereof shall apply *mutatis mutandis*, in respect of each unit of an allotment area.

B. A Personal Register.

(1) In the said register there shall be assigned a leaf to each person (in the case of a partnership or firm the full names of the partners as well as that of the partnership or firm to be set out on such leaf), regarding whom registration shall take place relative to —

- (a) any mortgage or notarial bonds passed by such person, or charges noted against the property of such person, and any subsequent dealings therewith;
- (b) any antenuptial contract entered into by such person and proper for registration;
- (c) any notarial deed of donation entered into by such person and proper for registration; and

(d) enige prokurasie verleen deur sodanige persoon wat die onafgebroke verrigting magtig van een of meer handelinge aangeneem vir registrasie in die Registrasiekantoor.

(2) Die soort en grootte van so 'n register moet wesenlik ooreenkom met die bepalings van subregulasie A (1)(a) van hierdie regulasie en moet 'n aparte blad bevat vir elke persoon wat in subregulasie B (1) hiervan bedoel word, en alle transaksies geskik vir inskrywing in so 'n register en betreffende daardie persoon moet op daardie blad aangeteken word.

(3) Die blaaie moet saamgegroepeer wees volgens die beginletters van die familienaam van die betrokke persone sodat die blaaie met betrekking tot persone wie se name met dieselfde letter begin, saamgebind kan word in een deel of stel dele na omstandighede vereis. Binne die omvang van enige beginletter hoef die blaaie nie in alfabetiese volgorde van name van die betrokke persone gerangskik te wees nie. Waar 'n familienaam met 'n koppelteken verbind is of voorafgegaan word deur „de”, „van de”, „van” of iets dergelyks moet die laaste naam geneem word vir aantekeningsdoeleindes.

(4) Elke blad moet 'n afsonderlike nommer kry en geen blaaie mag ingevoeg word tussen dié wat 'n deel uitmaak nie buiten waar 'n blad vol geword het en dit nodig word om nog 'n blad of blaaie by te voeg om die aantekeninge te vervolg (en hierdie blaaie heet vervolgfolio's of waar dit nodig is om transaksies van 'n besondere aard aan te teken waarvoor die gewone vorms ongeskik is. In alle gevalle moet die vervolgfolio's onderskei word deur dieselfde nommer as die oorspronklike folio's met die toevoeging van 'n ondergeskikte volgnummer. Die oorspronklike folio's moet die bestaan daarvan en die ondergeskikte nommers van die vervolgfolio's aandui.

(5) Na die geleentheid hom voordoen, kan oop inskrywings in die skuldregisters oorgebring word na die persoonlike registers om die vervanging van die skuldregisters te bespoedig.

C. Kontrakregisters.

(1) Sodanige registers moet van die dagboek-tipe wees en elkeen moet in chronologiese volgorde 'n aantekening van die besonderhede bevat van die onderskeie aktes hierna vermeld.

(2) 'n Afsonderlike register moet gebruik word vir elkeen van die hierna genoemde ondergroepe en slegs transaksies wat betrekking het op dieselfde ondergroep mag opgeneem word in een en dieselfde akte wat vir registrasie aangebied word:—

- (a) Huurkontrakregisters waarin geregistreer moet word huurkontrakte en onderhuurkontrakte van grond sowel as sessies en notariële wysigings van sodanige huurkontrakte of onderhuurkontrakte;
- (b) nedersettingshuurkontrakregister waarin geregistreer moet word huurkontrakte ingevolge die nedersettingswette insluitende verlengings, veranderinge en sessies daarvan;
- (d) serwituutregisters waarin geregistreer moet word notariële aktes van serwitute, sertifikate van geregistreerde saaklike regte en persoonlike serwitute voorbehou ingevolge artikel *ses-en-sestig* van die proklamasie en daaropvolgende handelinge daarmee.

D. Registers van regte op minerale.

Sodanige registers kan van die „Berggrundbuch”-tipe wees of sodanige ander tipe wat die Registrateur goedkeur. In hierdie registers word aktes van omsetting van myngebiede, transportaktes daarvan, pagbriewe en onderpagbriewe van regte op minerale, sessies daarvan en alle aktes hoegenaamd met betrekking tot transaksies in verband met myngebiede en pagbriewe van regte op minerale geregistreer.

12. (1) In die registers genoem in klousule A (1) en (2) van die voorafgaande regulasie moet voorsiening gemaak word vir die oor-en-weer verwysings van inskrywing na inskrywing om nasporing te vergemaklik.

(2) Elke inskrywing moet 'n onderskeidende reeksnummer gegee word.

(d) any power of attorney granted by such person authorizing the continuous performance of one or more acts accepted for registration in the Deeds Registry.

(2) The type and size of such register shall be substantially in accordance with the provisions of sub-regulation A (1) (a) of this regulation and shall contain a separate leaf for each person referred to in sub-regulation B (1) hereof and all transactions affecting that person proper for entry in such register shall be recorded on such leaf.

(3) The leaves shall be grouped together in accordance with the initial letters of the surnames of the persons concerned so that the leaves relating to persons with the same initial letter may be bound together into one volume or set of volumes as circumstances may require. Within the compass of any initial letter the leaves need not be arranged in alphabetical order of names of the persons concerned. Where a surname is hyphenated or preceded by “de”, “van de”, “van” and the like, the last name shall be taken for purposes of record.

(4) Each leaf shall be given a separate number and no leaves shall be inserted among those making up a volume except where a leaf becomes filled and it becomes necessary to add a further leaf or leaves to continue the record (which leaves shall be termed continuation folios) or where it may be necessary to record transactions of a special nature for which the ordinary forms are unsuitable. In all cases the continuation folio shall be distinguished by the same number as the original or parent folios with the addition of a secondary serial number. The original or parent folio shall record the fact and secondary numbers of the continuation folios.

(5) As the opportunity offers, open entries in the debt registers may be transferred to the personal registers so as to expedite the supersession of the debt registers.

C. Contract Registers.

(1) Such registers shall be of the day book type each containing a record in chronological order of the particulars of the respective deeds hereinafter mentioned.

(2) A separate register shall be used for each of the undermentioned sub-groups, and only transactions of the same sub-group shall be included in any one deed tendered for registration:—

- (a) Lease Registers, in which shall be registered leases and sub-leases of land as well as cessions and notarial amendments of such leases or sub-leases;
- (b) Land Settlement Lease Register, in which shall be registered leases under the Land Settlement laws including extensions, variations and cessions thereof;
- (d) Servitude Registers, in which shall be registered notarial deeds of servitude, certificates of registered real rights and personal servitudes reserved under section *sixty-six* of the Proclamation and subsequent dealings with all such.

D. Rights to Minerals Registers.

Such registers may be of the “Berggrundbuch” type or such other type as the Registrar may approve. In these registers shall be registered deeds of conversion of mining areas, deeds of transfer thereof, leases and sub-leases of rights to minerals, cessions thereof and all deeds relating in any respect to transactions having reference to mining areas and leases of rights to minerals.

12. (1) In the registers mentioned in clause A (1) and (2) of the preceding regulation, provision shall be made for making backward and forward references from entry to entry to facilitate searching.

(2) Each entry shall be given a distinctive serial number.

(3) Wanneer besonderhede in die plaas- en erfregisters ingeskryf word, moet 'n afsonderlike inskrywing in die register gemaak word vir elke paragraaf in 'n akte.

(4) Wanneer 'n inskrywing in die registers genoem in klousule A(1) en (2) van die voorafgaande regulasie deur 'n ander vervang word of nie meer van toepassing is nie weens die registrasie van verdere transaksies betreffende die betrokke eiendom moet 'n vertikale lyn met rooi ink daardeur getrek word om aan te dui dat dit nie meer bestaan nie. Teweens moet dit uit die restantkolom in die plaas- en erfregisters blyk dat geen eiendom onder daardie inskrywing besit bly nie.

(5) Die vorm van blaai wat gebruik moet word ten opsigte van die registers genoem in klousules A (1) en (2) en B van die voorafgaande regulasie moet so na doenlik ooreenkom met die vorms in bylaes A, B en C van hierdie regulasies waarin die besonderhede aangegee word van geregistreerde aktes wat daarin ingeskryf moet word.

13. Die bykomende bedrae verseker kragtens die kosteklousule in 'n verbandakte word verontagsaam by die inskrywing in enige persoonlike register ten opsigte van sodanige verbandakte.

15. Buiten en behalwe die registers genoem in regulasie 11 moet die Registrateur sodanige registers hou soos die Administrateur verlang met die doel om enige vereiste opgawes te verskaf en om vir statistiese doeleindes inligting te verkry met betrekking tot aktes geregistreer en handeling verrig in, en nasporing gedoen en inligting verstrek deur sy Registrasiekantoor, sowel as van die regte betaal en gelde ingevorder in verband daarmee.

16. Die Registrateur moet 'n register van transportbesorgers hou.

17. (1) So spoedig moontlik na die inwerkingtrekking van hierdie regulasies moet die Registrateur indekse van die kaartindekse hou wat alfabeties gerangskik is ooreenkomstig die beginletter van die familienaam van die persone wat in elkeen van die onderstaande groepe vermeld word:—

- (a) Die algemene afdeling waarin daar ten opsigte van die persoon daarin genoem die volgende besonderhede aangeteken moet word—
 - (i) die beskrywing van enige grond of gedeelte daarvan of aandele daarin wat deur hom gehou word;
 - (ii) 'n verwysing na sy persoonlike registerfolio en die persoonlike registerfolio van enigeen ten opsigte van wie hy moontlik 'n verbandhouer is;
 - (iii) 'n verwysing na enige notariële akte waaraan hy moontlik deel het; en
 - (iv) 'n verwysing na elke prokurasie wat hy moontlik verleen het.
- (b) Die Interdik-afdeling waarin die name van die persone geraak deur die kennisgewings, opgawes, state of orders ingedien ingevolge subartikel (w) van artikel drie van die proklamasie geïndekseer moet word.

(2) Vir die doeleindes van voormelde indekse word die laaste naam geneem as die familienaam in name wat deur 'n koppelteken verbind is en name wat voorafgegaan word deur „de”, „van de”, „van”, ensovoorts.

(3) Die Registrateur moet ook 'n indeks hou van plase en die kaarte moet alfabeties gerangskik word ooreenkomstig die beginletter van elke plaaseenheid.

IDENTITEIT VAN PERSONE.

18. (1) Die identiteit van persone word vasgestel deur middel van hul name en geboortedatums of, in die geval van nieblankes, in plaas van die geboortedatum, deur 'n metode goedgekeur deur die Registrateur, wat ingeskryf moet word in die persoonlike en ander registers waarin transaksies met betrekking tot enige enkele persoon aangeteken word.

(2) Die geboortesertifikaat of doopseël of 'n beëdigde verklaring voorgelê aan, en geliasseer deur, die Registrateur: Met dien verstande dat beëdigde verklarings wat deur 'n persoon afgelê is, wat nie 'n ouer van 'n minder-

(3) In entering particulars in the Farm and Erf Registers a separate entry shall be made in the register for each paragraph in a deed.

(4) When an entry in the registers mentioned in clause A (1) and (2) of the preceding regulation becomes superseded or obsolete in consequence of the registration of further transactions in the property concerned, a vertical line shall be drawn across it in red ink to indicate that it is "dead". It should at the same time be clear from the remainder column in the Farm and Erf Registers that no property remains held under that entry.

(5) The form of leaves to be used in respect of the registers mentioned in clauses A (1) and (2) and B of the preceding regulation shall be as nearly as practicable in accordance with the forms in Annexures A, B and C to these regulations, in which are shown the particulars of registered deeds which shall be entered therein.

13. The additional amounts secured under the costs clause in a bond shall be disregarded in making an entry in any personal register respecting such bond.

15. In addition to the registers mentioned in regulation 11, the Registrar shall keep such registers as may be required by the Administrator for the purpose of furnishing any required returns and for securing information for statistical purposes respecting deeds registered and acts performed in and searches made and information furnished by his Registry, as well as of the duties paid and fees collected in connection therewith.

16. The Registrar shall keep a Register of Conveyancers.

17. (1) As soon as may be after the coming into force of these regulations the Registrar shall keep indexes, of the card index type, arranged alphabetically in accordance with the initial letter of the surnames of the persons mentioned in each of the undermentioned groups:—

- (a) The General Section, in which there shall be indexed particulars in respect of the person mentioned therein with regard to —
 - (i) the description of any land or any portion thereof or shares therein held by him;
 - (ii) a reference to his personal register folio, and the personal register folio of any person in respect of whom he may be a mortgagee;
 - (iii) a reference to any notarial deed to which he may be a party, and
 - (iv) a reference to any power of attorney granted by him.
- (b) The Interdict Section, in which shall be indexed the names of the persons affected by the notices, returns, statements or orders lodged under subsection (w) of section three of the Proclamation.

(2) For the purposes of the indexes aforesaid, the last name shall be taken as the surname in hyphenated names and names which are preceded by "de", "van de", "van" and the like.

(3) The Registrar shall also keep an index of farms, the cards being arranged alphabetically in accordance with the initial letter of each farm unit.

IDENTITY OF PERSONS.

18. (1) The identity of persons shall be established by means of their names and dates of birth, or in the case of non-Europeans in lieu of the date of birth by a method approved by the Registrar, which shall be entered in the personal and other registers in which transactions relative to any one person are recorded.

(2) The date of birth shall be established by means of the birth or baptismal certificate or an affidavit produced to and filed by the Registrar: Provided that affidavits made by any person other than the parent of a

jarige is nie, slegs vir die doeleindes van identifisering aanvaar word en nie as latere bewys van handelingsbevoegdheid nie.

(3) Waar bewys van die geboortedatum van enige persoon reeds in die Registrasiekantoor geliasseer is, is dit voldoende om na sodanige bewys te verwys, mits die betrokke transportbesorger sertifiseer of bewys lewer van die identiteit van die persoon. By die aantekening van die geboortedatum van enige persoon in die toepaslike register moet die Registrateur daarin 'n aantekening laat maak wat aandui met watter dokument sodanige bewys geliasseer is.

(4) Die Registrateur moet enige fout gemaak in verband met 'n inskrywing of aantekening van die geboortedatum van enige persoon wat in die Registrasiekantoor voorkom, verbeter wanneer daar tot sy oortuiging bewys word dat 'n fout gemaak is.

19. Die Registrateur is gemagtig om, in verband met enige akte of dokument wat vir verlyding, registrasie of aantekening aangebied word, bewyse te vorder om die identiteit of andersins van enige party daartoe te bevestig met enige persoon wie se naam voorkom in enige register wat in die Registrasiekantoor gehou word.

OPSTEL VAN AKTES EN DOKUMENTE EN KWALIFIKASIES VAN PERSONE.

20. Aktes, prokurasies en ander dokumente verly binne die Gebied, wat vir verlyding, registrasie of aantekening aangebied word, moet geskryf, gedruk of getik wees op papier wat die Registrateur goedkeur.

21. (1) Alle aktes, prokurasies of ander dokumente wat vir verlyding, registrasie of aantekening aangebied word, moet netjies en duidelik geskryf, of getik of met swart ink van goeie gehalte gedruk wees, en 'n kantruimte van minstens anderhalf duim moet vir inbindingsdoeleindes gelaat word. Kopieerink mag nie gebruik word nie en geen deurslagkopie van enige akte, prokurasie of ander dokument mag aangeneem word vir die doel van liassing in die Registrasiekantoor nie. Veranderinge en tussenskrifte stel 'n akte, prokurasie of ander dokument bloot aan verwerping, maar, indien aangebring, moet hulle geparafeer word deur die persoon of persone wat die akte, prokurasie of ander dokument, na gelang, verly en ook deur die persone wat dit attesteer. As die veranderinge of tussenskrifte egter geattesteer word deur ander persone as die oorspronklike attesterende getuies moet sodanige persone hul handtekenings daarop plaas.

(2) As enige handtekening op 'n dokument oor 'n seël geskryf is, of met ander ink as swart ink van goeie gehalte, of oor die kantruimte gaan, kan die Registrateur weier om toe te laat dat dit vir die beoogde doel gebruik word.

(3) Alle veranderinge en tussenskrifte moet, in die geval van 'n akte wat deur 'n notaris geattesteer is, ook deur sodanige notaris geparafeer word.

(4) Die boonste helfte van die eerste bladsy van aktes mag nie vir skryf-, tik-, druk- of enige ander doeleindes gebruik word nie, maar moet gereserveer word vir die doel van endossemente deur die Registrasiekantoor.

(5) Nieteenstaande andersluidende bepalinge in hierdie regulasie kan die Registrateur na goeddunke 'n fotografiese afdruk van 'n dokument wat in enige staatskantoor geliasseer is vir aantekening aanvaar mits so 'n afdruk deur of namens die hoof van sodanige kantoor of deur 'n notaris as 'n ware afdruk gewaarmerk is, en voorts met dien verstande dat in die geval van 'n kaart dit deur die Landmeter-generaal gewaarmerk is.

(6) Enigeen van die bepalinge van hierdie regulasie kan na goeddunke deur die Registrateur verslap word.

22. Deur enige ruimtes in 'n akte wat nie gebruik is nie, moet 'n streep getrek word en waar 'n akte meer as een bladsy beslaan, moet die vereiste vervolgwwoord onder aan elke bladsy geskryf word.

23. As, na die Registrateur meen, die skrif, tikskrif of druk in enige akte, prokurasie of ander dokument wat vir attestasie, verlyding of registrasie of vir enige ander doel aangebied word weens onduidelikheid nie daarop bereken is om duursaamheid te verseker nie, kan hy weier om dit te attesteer, verly, registreer of aan te neem, na gelang.

minor shall be accepted for identification purposes only and not as subsequent proof of capacity to act.

(3) Where proof of the date of birth of any person has already been filed in the Registry it will be sufficient to refer to such proof provided the conveyancer concerned certifies to or produces proof of the identity of the party. In recording the date of birth of any person in the appropriate register the Registrar shall cause a note to be made therein indicating the document with which such proof is filed.

(4) The Registrar shall rectify any error made in connection with an entry or note of the date of birth of any person appearing in the Registry upon proof to his satisfaction that an error has been made.

19. The Registrar shall have authority in connection with any deed or document tendered for execution, registration or record to call for evidence to establish the identity or non-identity of any party thereto with any person whose name appears in any register kept in the Registry.

PREPARATION OF DEEDS AND DOCUMENTS AND QUALIFICATION OF PERSONS.

20. Deeds, powers, and other documents executed within the Territory lodged for execution, registration, or record must be written, printed, or typed on paper approved by the Registrar.

21. (1) All deeds, powers, and other documents lodged for execution, registration, or record must be neatly and plainly written or typed, or printed with black ink of good quality and a margin of at least one inch and a half allowed for binding purposes. Copying ink must not be used, and no carbon copy of any deed, power, or other document shall be accepted for the purpose of being filed in the Deeds Registry. Alterations and interlineations will render a deed, power, or other document liable to rejection, but, if made, they must be initialled by the person or persons executing the deed, power, or other document, as the case may be, and also by the persons attesting the same. If, however, the alterations or interlineations are attested by persons other than the original attestors, such persons shall attach their signatures.

(2) If any signature to a document shall have been written across a stamp, or with other than black ink of good quality, or encroaches on the margin, the Registrar may decline to allow it to be used for the purpose intended.

(3) All alterations and interlineations must, in the case of a deed attested by a notary, be initialled also by such notary.

(4) The upper half of the first page of deeds must not be used for writing, typing, printing, or any other purpose, but must be reserved for the purpose of Deeds Registry endorsements.

(5) Notwithstanding anything in this regulation contained the Registrar may in his discretion accept for record any photographic copy of a document which is filed of record in any Government office, provided that such copy has been certified to be a true copy by or on behalf of the head of such office, or by a notary public; and provided further that in the case of a diagram it has been certified by the Surveyor-General.

(6) Any of the provisions of this regulation may be relaxed by the Registrar at his discretion.

22. Any spaces in a deed which have not been used shall be ruled through, and where a deed comprises more than one page the necessary catch-word shall be written at the foot of each page.

23. If, in the opinion of the Registrar, the writing, typing, or printing in any deed, power, or other document lodged for attestation, execution or registration or for any other purpose, is, owing to the faintness thereof, not calculated to secure durability, he may decline to attest, execute, register, or accept it, as the case may be.

24. (1) Aktes, prokurasies en ander dokumente moet die volle name en geboortedatums van die persone wat daarin genoem word, bevat met die uitsondering van sodanige persone wat in 'n verteenwoordigende hoedanigheid optree of benoem word om as sodanig op te tree. Die bepalinge van hierdie subregulasie kan in spesiale omstandighede na goeddunke deur die Registrateur verslap word.

(2) 'n Toevoeging van 'n "alias" aan die beskrywing van enige persoon deur of aan wie 'n akte vir verlyding of attestasie in die Registrasiekantoor ingedien, gepasseer moet word, word nie toegelaat nie en as so 'n toevoeging gedoen is in enige ander akte, prokurasie of ander dokument wat vir registrasie aangebied word, word net die juiste naam vir die doel van sodanige registrasie erken.

(3) Aktes, prokurasies en ander dokumente wat buite die Gebied verly en in 'n vreemde taal uitgedruk is, kan, na goeddunke van die Registrateur, vir registrasie of aantekening aangeneem word as 'n vertaling behoorlik gewaarmerk deur iemand wat toegelaat is om as beëdigde vertaler te praktiseer daarmee ingedien word: Met dien verstande dat as daar geen beëdigde vertaler van 'n vreemde taal geredelik beskikbaar is nie, die Registrateur na goeddunke 'n vertaling kan aanneem wat onder eed gedoen is deur sodanige ander persoon soos hy goedkeur.

25. Elke akte en dokument wat in die Registrasiekantoor verly word of vir registrasie of aantekening aangebied word, moet die plek en datum van verlyding daarvan vermeld.

26. Elke akte wat regstittel op grond verleen, moet die datum en nommer van die grondbrief, transportakte of ander titel waarkragtens die grond gesitword, vermeld, asook die datum en nommer van die grondbrief, transportakte of ander titel waarkragtens die grond besit word, asook die datum en nommer van die grondbrief, transportakte of ander titel waaraan die kaart van die grond geheg is of waarop dit betrekking het, asook die naam van die persoon ten gunste van wie sodanige laasgenoemde grondbrief, transportakte of ander titel gemaak is.

27. (1) Wanneer 'n akte wat regstittel op grond verleen meer as een eiendom insluit, moet elke stuk grond beskryf word in 'n afsonderlike paragraaf wat genommer moet wees en elke paragraaf moet voldoen aan die bepalinge van die voorafgaande regulasie. As die Registrateur dit verlang, moet aan die end van die akte 'n aparte registrasieklausule ingevoeg word ten opsigte van elke stuk grond en die klausule moet 'n nommer hê wat ooreenkom met die nommer van die paragraaf waarin die grond beskryf word.

(2) Wanneer twee of meer stukke grond as afsonderlike figure op een kaart aangetoon word, moet elke stuk in die betrokke akte in 'n afsonderlike paragraaf beskryf word en kan daarna onafhanklik getranspoteer word slegs op vertoon van 'n verdere kaart daarvan.

(3) Nieteenstaande enige teenoorgestelde gebruik in die Registrasiekantoor is dit, waar afsonderlike kaarte van twee of meer stukke grond aan een en dieselfde transportakte geheg is en transport van enige van sodanige stukke verlang word, nie nodig om van die Landmeter-generaal 'n kopie van die kaart daarvan te kry om dit aan die nuwe transportakte te heg nie.

28. (1) By die beskrywing van grond in 'n akte moet die naam van die registrasieafdeling en administratiewe distrik waarin dit geleë is, aangehaal word en, in die geval van grond wat in 'n dorp geleë is, die administratiewe distrik en die naam van die dorp. Die geregistreerde nommer van die grond, as daar is, moet gegee word en in aktes waarby regstittel op grond verleen word, moet die gebruiklike uitstrekklausule ingevoeg word.

(2) By die beskrywing van grond moet in 'n akte waarby regstittel op grond verleen word of in 'n verbandakte geen melding gemaak word van enige gebou of ander eiendom, roerend of onroerend, wat op die grond is of daartoe behoort nie.

(3) Wanneer die beskrywing van die ligging van grond in 'n bestaande akte gebrekkig of onvoldoende is, en daar in verband met 'n verdere transport van sodanige grond verlang word dat dit gewysig moet word, kan die Registrateur die aanbring van sodanige wysiging

24. (1) Deeds, powers, and other documents must contain the full names and dates of birth of the persons named therein, excepting such persons who are acting in or are appointed to act in a representative capacity. The provisions of this sub-regulation may be relaxed by the Registrar in special circumstances in his discretion.

(2) An addition of an "alias" to the description of any person by or to whom a deed lodged for execution or attestation in the Deeds Registry is to be passed shall not be permitted, and, if any such addition has been made in any other deed or power, or other document lodged for registration, the correct name only shall be recognized for the purpose of such registration.

(3) Deeds, powers, and other documents if executed outside the Territory and expressed in a foreign language may, at the discretion of the Registrar, be accepted for registration or record if a translation duly certified by a person admitted to practise as a sworn translator is lodged therewith: Provided that if there be no sworn translator of any foreign language readily available the Registrar may in his discretion accept a translation made under oath by such other person as he may approve.

25. Every deed and document executed in or lodged for registration or record in the Deeds Registry shall disclose the place and date of execution thereof.

26. Every deed conferring title to land must quote the date and number of the grant, transfer, or other title by which the land is held, and also the date and number of the grant, transfer, or other title to which the diagram of the land is annexed or relates, as well as the name of the person, in whose favour such last-mentioned grant, transfer, or other title was made.

27. (1) Where a deed conferring title to land includes more than one property, each piece of land shall be described in a separate paragraph, which shall be numbered, and each paragraph shall conform to the provisions of the preceding regulation. A separate registration clause must, if required by the Registrar, be inserted at the end of the deed in respect of each piece of land, which clause shall bear a number corresponding to the number of the paragraph in which the land is described.

(2) When two or more pieces of land are shown as separate figures on a single diagram each piece shall be described in the relevant deed in a separate paragraph, and may thereafter be transferred independently only upon the production of a further diagram thereof.

(3) Notwithstanding any practice to the contrary in the Deeds Registry, it shall not be necessary, where separate diagrams of two or more pieces of land are annexed to one and the same deed of transfer and transfer is sought of any of such pieces, to procure from the Surveyor-General a copy of the diagram thereof for the purpose of annexure to the new transfer.

28. (1) In describing land in a deed the name of the registration division and administrative district in which it is situated shall be quoted and, in the case of land situate in a township, the administrative district and the name of the township. The registered number, if any, of the land shall be given, and in deeds conferring title to land the usual extending clause shall be inserted.

(2) In describing land no reference shall be made in a deed conferring title to land, or in a mortgage bond, to any building or other property, movable or immovable, which may be on or attached to the land.

(3) When the description of the situation of land in an existing deed is defective or insufficient, and it is desired in connection with a further transfer of such land to amend the same, the Registrar may, subject, if he thinks

toestaan onderhewig, as hy dit nodig vind, aan die voorlegging van 'n sertifikaat van die Landmeter-generaal.

(4) Dit is onnodig om die beskrywing (as daar is) van die grense genoem in 'n kaart te herhaal, mits daar 'n behoorlike verwysing na sodanige kaart in die betrokke akte gemaak word.

29. By die beskrywing van grond oorgedra of verhipotikeer in 'n akte of verband moet die omvang daarvan in woorde en syfers uitgedruk word.

30. By die beskrywing van grond moet die uitdrukking „aandeel” gebesig word, wanneer daar sprake is van 'n onverdeelde aandeel in 'n stuk grond en sodanige aandeel moet uitgedruk word in een breuk van sy kleinste vorm; in ingewikkelde gevalle moet die metode aangegee word waarvolgens die resultaat verkry is.

31. (1) As die grond wat oorgedra of verhipotikeer moet word kragtens verskillende aktes besit word, kan die Registrateur vereis dat die transportbesorger 'n staat indien met besonderhede van die verskillende breuk-aandeel en in ingewikkelde gevalle moet 'n beskrywing gegee word van die metode waarvolgens die resultaat verkry is en, in die geval van twee of meer eienaars, moet ook in sodanige staat vermeld word watter aandeel elkeen het. As die grond een van verskillende stukke is wat beskryf is in 'n transportakte of verband moet die transportbesorger 'n verwysing na die paragraaf in die akte wat op die grond betrekking het, verstrek.

